## KULTUUR, KUNS EN SPORT OP DIE PROGRAM

# George maak reg vir 1ste fees



**Op die bekendstelling van George se eerste kultuur-, kuns- en sportfees Vrydag is heel voor Joan Shaw, George-toerismehoof. Tweede ry, van links: Thabo Tutu (Wes-Kaapse departement van kultuursake en sport); Jacqulique von Brandis (George se burgemeester), Ricardo Mackenzie (Wes-Kaapse LUR vir kultuursake en sport) en die atleet Louis Massyn. Agter van links is: Themba Mchunu (van die Wes-Kaapse departement van kultuursake en sport); Dyllon van der Rheede (van die Wes-Kaapse departement van kultuursake en sport); Khanyisile Fortuin (George-munisipaliteit); Melanie Martins (George-munisipaliteit); Richard von Willigh (George-munisipaliteit) en Kevin Malan (Wes-Kaapse departement van kultuursake en sport).** Foto: GEORGE-MUNISIPALITEIT

**Jackie Kruger**

George gaan in Desember sy feesgewaad aantrek met sy heel eerste kultuur-, kuns- en sportfees wat beloof "om gemeenskappe bymekaar te bring op maniere wat nog nooit tevore gesien is nie".

Die fees is Vrydag deur Ricardo Mackenzie, Wes-Kaapse LUR vir kultuursake en sport, en Jacqulique von Brandis, George se burgemeester, op Eenheidspark in George aangekondig in die teenwoordigheid van ondersteuners soos Louis Massyn, langasematleet wat vanjaar sy 50ste Comrades-wedloop kafgedraf het.

Die fees vind van 13 tot 16 Desember op verskeie plekke in George plaas, soos die Kaptein Dikkop-amfiteater in Pacaltsdorp, die botaniese tuin in George, die Thembalethu-sportterrein, Eenheidspark (boaan Yorkstraat) en die sakekern rondom Yorkstraat.

Volgens die George-munisipaliteit is die fees daarop gemik om inklusiewe gemeenskapsdeelname te bevorder, die dorp se ekonomie te stimuleer, asook om jeug- en kunsontwikkeling te versterk. Die fees val verder saam met die jaarlikse geleentheid wanneer die dorp se feesliggies aangeskakel word.

> **Die George-fees 2025 sal hierdie uniekheid ten toon stel en ons gemeenskappe op maniere bymekaarbring wat nog nooit gesien is nie.**
>
> — RICARDO MACKENZIE, WES-KAAPSE LUR VIR KULTUURSAKE

Die fees sal na verwagting besoekers van oral in die Tuinroete en verder lok en word in samewerking met die George-munisipaliteit, die Wes-Kaapse departement van kultuursake en sport, die Tuinroete-distriksmunisipaliteit en die Eden-sportraad georganiseer. Volgens Mackenzie was George nog altyd bekend om sy talent, lewendige kultuur en natuurlike skoonheid.

"Die George-fees 2025 sal hierdie uniekheid ten toon stel en ons gemeenskappe op maniere bymekaarbring wat nog nooit gesien is nie," sê hy.

"Met alles van sport en musiek tot die tradisionele kunste, gaan hierdie fees George stewig posisioneer as 'n moet-besoek-bestemming vir kultuur en vieringe. Investering in hierdie tipe feeste bied unieke ervarings sowel as ongeëwenaarde ekonomiese en maatskaplike voordele."

Volgens Von Brandis beoog hulle om deur kuns, sport en musiek 'n inklusiewe, lewendige geleentheid te skep wat deelname inspireer. Die fees sal George ook as 'n vooraanstaande bestemming vir kultuur, sport en toerisme vestig.

Die fees begin op 13 Desember op Eenheidspark met 'n kulturele vertoning, stalletjies en vermaak vir kinders en eindig met die feesliggies wat om 20:00 aangeskakel word.

Die oggend sal sportgeleenthede in Pacaltsdorp en Thembalethu aangebied word wat sewesrugby, sokker en netbal insluit, asook tennisklinieke.

Op 14 Desember sal kore, skoolgroepe en motiveringsprekers aan gospel-optredes op Eenheidspark deelneem. Daar sal ook 'n uitstalling van kleinsakeondernemings met 'n Christelike tema wees. Die verrigtinge sal afgesluit word met 'n kerslig-biddiens.

In Pacaltsdorp en Thembalethu sal die kwarteindronde in vier sportkodes plaasvind, tesame met 'n spesiale, inheemse spele-uitstalling, wat erfenis en tradisie belig.

Op 15 Desember vind 'n kultuurdag vir gesinne in die George-museum plaas met storievertelling, demonstrasies van Khoiplante wat vir genesing gebruik word, poësielesings en kunsklasse. Die jongspan kan 'n pretsone vir kinders by die Tuinroete- botaniese tuin besoek waar aktiwiteite soos gesigverf, speletjies en hip-hop- en rap-danse aangebied word.

Die fees word op 16 Desember afgesluit met kultuur- en sportgeleenthede in die sakekern rondom Yorkstraat en Eenheidspark. Die halfeindronde en eindronde in alle sportkodes sal ook dan plaasvind (skaak en domino's ingesluit).

Die fees word afgesluit met 'n prysuitdeling en 'n vertoning deur platejoggies (mits die weerstoestande dit toelaat). 'n Somerfees met musiek sal gelyktydig by die Kaptein Dikkop-amfiteater (Pacaltsdorp) plaasvind.

Luidens 'n verklaring sal gereelde opdaterings oor die fees op die munisipaliteit se sosialemediaplatforms verskyn.

**– jkruger@24.com**



**Pierre Cilliers, eienaar van Affi-Plaas Premium Lamb, het 'n lamskarkas aan Arina Knipe van Kalahari Groep vir R72 000 verkoop.** Foto: VERSKAF

## R72 000 vir lam: Boer 'voel nederig en dankbaar'

**Robyn Schutte**

Die Vrystaatse skaapboer Pierre Cilliers van Philippolis het Saterdag geskiedenis gemaak toe sy Dorper-kruislam die hoogste prys tot nog toe vir 'n lamkarkas – 'n allemintige R72 000 – behaal het in die eerste Lamb Champs Boland-kompetisie by die Hoër Landbouskool Boland.

Vir Cilliers was die oomblik toe die veilinghamer val, iets besonders. "Wanneer jy hoor jy het die rekordprys behaal, is dit ongeloooflik. 'n Mens voel net nederig en dankbaar."

Hy boer reeds jare lank met Dormer- en Dorper-kruisings en glo dat voeding van goeie gehalte en goeie veldbestuur die kern van sy sukses is. Sy lammers word op natuurlike veld grootgemaak en kry aanvullings van proteïen- en mineraalmengsels van hoë gehalte om optimale groei en vleisgehalte te verseker.

"Ek glo daarin om die bes moontlike omgewing vir my diere te skep. As jou diere gesond en gelukkig is, wys dit in die karkas," sê hy.

Cilliers is ook lid van Affi-Plaas, 'n netwerk van boere wat saamwerk om die plaaslike vleisbedryf te bevorder en direk aan verbruikers te lewer. Hy beskou die rekordprys as 'n groot hupstoot vir die lamsvleisbedryf.

"My droom is om lam in meer huishoudings te kry – nie net by 'n spesiale geleentheid nie, maar as 'n gereelde produk op mense se tafels."

Die rekordprys oortref die vorige hoogste bedrag van R64 500, wat sedert 2007 op die Royal-skou gestaan het. Die wenkarkas is deur Kalahari Cuts gekoop en sal deel wees van sy eksklusiewe Premium-produkreeks.

Vir die Philippolis-gemeenskap is dit 'n bron van trots dat een van hul eie boere die landboukollig so helder laat skyn het.

"Dit wys wat moontlik is as jy volhoubaar boer en altyd op gehalte fokus," sê Cilliers.

**– robyn.schutte@media24.com**




## Vat so, jou wildehoender!

**Rolene Lusse het dié foto vroegoggend in Groenkloof Rif, Pretoria, geneem terwyl twee tarentale mekaar rondjaag.** Foto: ROLENE LUSSE

# Groot-Brakrivier se wilde ganse gaan verskuif word, besluit raad

**Jackie Kruger**

Wilde ganse wat al jare 'n bekende gesig langs die rivieroewer in Groot-Brakrivier is, gaan verskuif word omdat hulle onder meer 'n bedreiging vir die sensitiewe omgewing by die riviermonding inhou.

Mosselbaai se stadsraad het Donderdag ten gunste van die verskuiwing gestem.

Die voorgenome verwydering van die ganse het vroeër reeds gemengde reaksie ontlok. Sommige inwoners en diereliefhebbers is van mening dat die ganse sinoniem is met die dorp terwyl ander meen hulle rig groot omgewingskade aan.

Cornelle Carstens, munisipale woordvoerder van Mosselbaai, het gister by navraag gesê 'n plan vir die ganse se verskuiwing word nou saamgestel.

"Dit sal eers weer aan die raad voorgelê word vir goedkeuring voordat verdere stappe gedoen word."

Die munisipaliteit het vroeër bekend gemaak dat hy 'n formele versoek van die Wes-Kaapse departement van omgewingsake en ontwikkelingsbeplanning (biodiversiteit en kusbestuur) ontvang het om voort te gaan met die verwydering van wilde ganse uit die riviermonding.



**Wilde ganse in Groot-Brakrivier.** Foto: MOSSELBAAI-MUNISIPALITEIT

Volgens die munisipaliteit het dit gevolg op kommer en klagtes van inwoners en omgewingsbewustes oor die groeiende getal mak ganse wat langs die rivieroewer broei en 'n beduidende bedreiging vir die sensitiewe omgewing by die riviermonding inhou.

In reaksie hierop het die munisipaliteit vroeg in 2024 'n taakspan saamgestel om na volhoubare oplossings te kyk. 'n Grondeienaar het aanvanklik vrywilliglik aangebied om die ganse binne drie maande te verwyder, maar dit het nie gerealiseer nie.

Die munisipaliteit sê in 'n verklaring die ganse hou risiko's in soos die verspreiding van siektes na inheemse wildlewe, mededinging met inheemse spesies vir voedsel en habitat, en rig skade aan seldsame en bedreigde ekostelsels aan wat reeds onder druk is.

Verskeie kritiek bedreigde en bedreigde ekostelsels kom in Mosselbaai se munisipale gebied voor soos die Groot-Brakduinstrandveld (kritiek bedreig), die Mosselbaai-skalierenosterveld (kritiek bedreig) en die Hartenbos-duinruigte (bedreig).

Volgens die munisipaliteit verhoog die teenwoordigheid van die wilde ganse in hierdie sensitiewe gebiede die risiko van onomkeerbare omgewingskade.

Verder is daar kommer oor die ganse se welstand, hul toegang tot kos, skuiling en veeartsenykundige aandag en is verskeie van hulle al op paaie doodgery of beseer.

Ingevolge Donderdag se raadsbesluit sal die munisipaliteit met sleutelvennote saamwerk om "etiese hervestiging" te verseker. 'n Taakspan, bestaande uit die departement van omgewingsake en ontwikkelingsbeplanning, Cape-Nature, die Dierebeskermingsvereniging en munisipale verteenwoordigers, sal toesig hou oor die ontwikkeling van 'n plan vir hervestiging, geskikte persele identifiseer en seker maak dat daar aan wetlike standaarde voldoen word.

Luidens die verklaring is daar in hierdie stadium geen finansiële implikasies vir die munisipaliteit nie.

Daar sal openbare opvoedings- en kommunikasieveldtogte oor die verskuiwing wees en die publiek sal op die hoogte gehou word soos die proses vorder.

**– jkruger@24.com**

# 2024 'moeilikste jaar' van sy lewe, sê William

Prins William van Brittanje sê 2024 was die moeilikste jaar van sy lewe.

William het dié opmerking gemaak op die program *The Reluctant Traveler* waarvan 'n voorskou vertoon is, berig AP.

"Ek sou sê 2024 was die moeilikste jaar wat ek nóg gehad het."

William sê ook die lewe toets ons en om dit te oorkom is wat ons maak wie ons is.

Die voorskou van die episode, wat op 3 Oktober op Apple TV+ uitgesaai sal word, wys William wat Eugene Levy, die gasheer, die Windsor-kasteel wys en die twee gesels dan terwyl hulle bier in 'n kroeg drink, berig CNN.

Levy vra William ook wat hy doen wanneer hy by die huis is, berig die BBC.

"Slaap. As jy drie klein kinders het, is slaap 'n belangrike deel van die lewe."

William se vrou, Catherine, prinses van Wallis, het verlede jaar kankerbehandeling ontvang. Sy het verlede September aangekondig dat sy chemoterapie voltooi het. Sy het nie bekend gemaak watter soort kanker sy het nie.

Catherine het op 16 Januarie 2024 'n buikoperasie ondergaan.

Sy het byna twee weke in die London Clinic deurgebring ná die operasie en was tuis aan die herstel toe sy uitgevind het dat sy kanker het en chemoterapie moet ondergaan.

Catherine het in Julie gesê sy het 'n dapper gesig voorgehou in haar kankerstryd.

"Jy hou 'n soort dapper gesig, 'n gelatenheid voor en probeer sterk bly gedurende die behandeling. Sodra die behandeling afgehandel is, reken 'n mens jy kan bloot met jou lewe aangaan, maar in werklikheid is die fase daarna werklik… moeilik."

Die Buckingham-paleis het op 5 Februarie verlede jaar bekend gemaak William se pa, koning Charles, het kanker, maar dit duidelik gestel dat die diagnose nie verband hou met sy hospitalisering weens 'n nie-kwaadaardige vergrote prostaat nie.



**Prins William van Brittanje.** Foto: GETTY IMAGES/WPA POOL



**Prinses Catherine.** Foto: REUTERS/POOL

Charles se kankerdiagnose, gevolg deur dié van Catherine, het die senior koninklikes verlede jaar swaar getref.

Binne 'n maand was twee van die mees senior lede van die koninklike gesin buite aksie en koningin Camilla en prinses Anne moes die koninklike skip stuur.

Charles was einde Maart steeds gehospitaliseer weens newe-effekte wat hy weens sy behandeling ervaar het.

Tog bly die koning blymoedig en hoopvol. Hy het in Mei, gedurende 'n openbare verskyning, vir 'n medekankerlyer wat hom gevra het hoe dit met sy behandeling gaan, sy duime na bo gedraai. "Ek hou daarvan om te dink dat ek nou aan die beter kant van my kanker-reis is," het die koning gesê.

BOSTON CID

**KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING**

Die Boston Community Improvement District NPC (Boston CID) gaan 'n algemene jaar-vergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2026/2027.

Datum: 23 Oktober 2025
Tyd: 18:30
Plek: Vredelust NG Kerk 87 13de Laan. Boston

Net bona fide-lede van die Boston Community Improvement District kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die Boston CID se gebied wat vir die bykomende heffing aan-spreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 14 Oktober 2025 geregistreer wees.

**Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na www.bostoncid.co.za of bel 0761976816.**